# AFRIKAANSE HISTORICI AS POLITIEKE KRITICI EN KOERS-AANDUIDERS

**Pieter de Klerk**[1]

***Abstract***

*Although professional historians usually concentrate on specific areas of research, they sometimes use their knowledge and understanding of history to give a perspective on contemporary events and provide guidelines regarding the formulation and implementation of government policies. Since the 1950s Afrikaner historians have participated in intellectual debates on the future of the Afrikaners as a minority group in South Africa. Three eminent Afrikaner historians, GD Scholtz, FA van Jaarsveld and Hermann Giliomee, produced a number of publications in which they commented on the apartheid policy of the National Party government. While Scholtz and Van Jaarsveld were very subdued in their criticism, Giliomee was more openly critical. On the other hand, Scholtz and Giliomee were more consistent in their criticism than Van Jaarsveld, who repeatedly changed his views. Scholtz and Giliomee, however, overestimated the power of the government to control the factors that determined South Africa's political and economic development during this period.*

**Keywords***:* Afrikaner historians; political criticism; Afrikaner nationalism; apartheid; territorial separation; GD Scholtz; FA van Jaarsveld; H Giliomee.

**Sleutelwoorde***:* Afrikanerhistorici; politieke kritiek; Afrikanernasionalisme; apartheid; gebiedskeiding; GD Scholtz; FA van Jaarsveld; H Giliomee.

## 1. INLEIDING

Die professionalisering van die geskiedkunde vanaf die negentiende eeu het daartoe gelei dat historici tans meesal voltyds werksaam is as spesialiste op 'n bepaalde terrein, byvoorbeeld die negentiende-eeuse geskiedenis van Suid-Afrika. Geskiedkundiges kan hulle egter nie isoleer van die tyd waarin hulle lewe nie. Hulle poog soms om hul historiese kennis aan te wend om eietydse ontwikkelinge in 'n historiese perspektief te beskou en op grond daarvan kritiese uitsprake te maak en selfs voorspellings te waag. Sommige historici wat met hul wetenskaplike werke groot respek van hul vakgenote afgedwing het, het hul ook met eietydse vraagstukke besig gehou. Die bekende Duitse historikus, Friedrich Meinecke (1862-1954), byvoorbeeld, het dit gedurende sy lang akademiese loopbaan as sy plig beskou om by te dra tot 'n analise van eietydse probleme (Kossmann 1981:11-13).

In Suid-Afrika het daar vanaf die vroeë twintigste eeu universiteite bestaan waaraan wetenskaplike historici verbonde was. In dié eeu het die

1 Professor, Vakgroep Geskiedenis, Noordwes-Universiteit. E-pos: Pieter.deklerk@nwu.ac.za

Afrikaanse nasionale strewe uitgeloop op die totstandkoming van ’n republiek wat deur Afrikaners beheer is, maar was die toekoms van die Afrikaner as ’n minderheidsgroep steeds in gedrang. Afrikanerintellektuele het voortdurend oor die plek en toekoms van die Afrikaner besin. Onder hulle was daar historici wat, vanuit ’n historiese perspektief, kritiek op regeringsbeleid uitgespreek het en die rigting waarin Afrikaanse politieke leiers moes beweeg, probeer aandui het. In die volgende afdeling word kortliks algemene opmerkings oor die betrokkenheid van Afrikaanse historici by politieke ontwikkelinge gemaak en daarna word die bydrae van drie historici, GD Scholtz, FA van Jaarsveld en Hermann Giliomee, van nader bekyk. Daar word hoofsaaklik gefokus op hul publikasies en hoe dit hul politieke beskouinge beïnvloed het, maar daar word nie gepoog om ’n diepgaande ontleding te gee van die faktore wat ’n rol gespeel het in die besondere opvattinge van elk van die drie nie.

Daar het reeds enkele publikasies oor die politieke betrokkenheid van Scholtz (Van Jaarsveld 1979:111-115; Van Jaarsveld 1993:6-10) en Van Jaarsveld (Kapp 1982:78-85) verskyn. Die studie oor Van Jaarsveld handel net oor sy beskouinge tot ongeveer 1980. Ontwikkelinge in Suid-Afrika gedurende die afgelope drie dekades het daartoe gelei dat die uitsprake van die twee skrywers tans in verskillende opsigte in ’n ander perspektief gesien kan word as destyds. Daarbenewens moet al drie se rolle kortliks bespreek word om ’n geheeloorsig te verkry van die politieke kritiek en koersaanduiding deur Afrikaanse historici in die periode 1950 tot 2010.

## 2. DIE POLITIEKE BETROKKENHEID VAN AFRIKAANSE HISTORICI – ALGEMENE OPMERKINGS

Verskeie skrywers oor die Suid-Afrikaanse historiografie, onder wie Van Jaarsveld (1984), Smith (1988), Grundlingh (1990) en Mouton (2007a), het die rol bespreek wat Afrikaanse historici gespeel het om ’n Afrikaans-nasionalistiese geskiedenisinterpretasie te vestig en uit te bou. In hierdie opsig het historici gehelp om Afrikanerideale, waaronder die verkryging van politieke en ekonomiese mag en die beëindiging van Suid-Afrika se verbintenis met die Britse Ryk, te bevorder. Kapp (2000:412) dui tereg aan dat die invloed van nasionalisme op die Afrikaanse geskiedskrywing dikwels so sterk beklemtoon word dat dit die vorming van ’n volledige beeld van die geskiedskrywing in Afrikaans bemoeilik. Die meeste Afrikaanse historici het hul hoofsaaklik besig gehou met hul vak en navorsing gedoen oor ’n verskeidenheid onderwerpe, hoewel daar tog hoofsaaklik op die geskiedenis van die Afrikaner gekonsentreer is (Kapp 2000:436).

Enkele prominente Afrikaanse historici het nóú betrokke geraak by die politiek. Onder hulle was twee van die vroegste akademiese geskiedskrywers, naamlik AL Geyer (1894-1969), wat redakteur van *Die Burger,* mondstuk van die

Nasionale Party in die Kaap, geword het (Kapp 2004:37), en AJH van der Walt (1893-1972), wat ’n belangrike rol gespeel het in die Ossewa-Brandwag, ’n anti-regeringsgesinde politieke beweging in die tydperk van die Tweede Wêreldoorlog (Grundlingh 1990:6). Onder die latere historici was daar veral HB Thom (1905-1983), wat invloedryk was in politieke kringe en ’n tyd lank voorsitter van die Afrikaner-Broederbond was (Grundlingh 1990:2).

In die jare voor 1950 was daar maar min professionele Afrikaanse historici. Onder hulle was dit veral Geyer en Van der Walt wat as kritici van die destydse regering beskou kan word, maar hulle uitsprake hou direk verband met hul partypolitieke verbintenisse. DW Krüger (1906-1981) was daarom een van die eerste Afrikaanse geskiedskrywers wat in wetenskaplike en populêr-wetenskaplike publikasies kritiek op die beleid van die regerende party gelewer het. Reeds in 1949 het hy gepleit dat die Afrikaners nie hul sin vir regverdigheid teenoor die swart mense moet verloor nie, “daar is te veel ‘baasskap’ sonder enige kompensasie” (Krüger 1949:144). In 1958 skryf hy dat die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948 gesien kan word as “the last desperate attempt of Afrikanerdom to stem the rising tide of colour” (Krüger 1958:226). In ’n latere werk noem hy die Nasionale Party se optrede in die vyftigerjare om die bruin mense van die gemeenskaplike kieserslys te verwyder “a painful chapter in the history of South Africa” (Krüger 1969:294), maar in die laaste hoofstukke van die boek blyk tog ’n optimistiese siening oor die toekoms van die land (De Klerk 2003:85-86). Daar het geen verdere publikasies van Krüger verskyn wat kommentaar op regeringsbeleid bevat het nie en hy het dus geen belangrike bydrae as politieke kritikus en koersaanduider gelewer nie.

DJ Kotzé (1927-1992) het ’n reeks boeke oor die verskynsels van kommunisme en nasionalisme geskryf en in een van sy werke (Kotzé 1977) aan die regering advies gegee oor die doeltreffende bestryding van die kommunisme. Hy skryf dat, hoewel die kommuniste swart nasionalisme gebruik om hul doeleindes te bevorder, nasionalisme oral in Afrika versprei het en dat dit onrealisties sou wees om dit onder die swart mense van Suid-Afrika te probeer uitroei. Die billike eise van swart mense moet toegestaan word; dit is die beste manier om die wind uit die seile van die kommunisme te neem. Die regering moet sorg dat die swart tuislande na ware onafhanklikheid gelei word en dat hulle ekonomies lewensvatbaar is (Kotzé 1977:125-127). Kotzé sien nasionalisme dus as ’n wapen waarmee kommunisme beveg kan word (Visser 2004:122). In ’n ander werk gee hy raad aan Afrikaners hoe om hul nasionalisme op ’n positiewe wyse uit te leef (Kotzé 1968).

Daar was verder drie historici, GD Scholtz, FA van Jaarsveld en Hermann Giliomee, wat verskeie publikasies die lig laat sien het waarin hulle die politieke situasie in Suid-Afrika krities bekyk en riglyne vir die toekoms probeer trek het. Hulle was drie van die produktiefste historici wat Suid-Afrika opgelewer het en sal

waarskynlik in die eerste plek onthou word vir hul bydraes tot die geskiedskrywing. Al drie het dekades lank suiwer geskiedkundige werke, maar ook geskrifte waarin eietydse politieke sake bespreek word, die lig laat sien. Daarom moet, wat elk van hierdie skrywers betref, die ontwikkeling van hul politieke beskouinge oor ’n tydperk van twintig jaar of langer in oënskou geneem word. In die slotafdeling word enkele samevattende opmerkings oor die rol van Afrikaanse historici as politieke kritici en koersaanduiders gemaak.

## 3. GD SCHOLTZ

GD Scholtz (1905-1983) het in 1936 aan die Universiteit van Amsterdam sy doktorsgraad in Geskiedenis verwerf. Hy het ’n loopbaan in die joernalistiek gevolg en was van 1960 tot 1970 redakteur van die *Die Transvaler*, ’n dagblad wat die beleid van die regerende Nasionale Party ondersteun het. Scholtz het daarbenewens verskeie publikasies oor historiese onderwerpe gelewer. Sy laaste historiese geskrif, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner* (Scholtz 1967-1984), het in agt bande verskyn. Scholtz se geskiedskrywing is sterk beïnvloed deur die Afrikanernasionalisme wat gedurende sy leeftyd ’n hoogbloei beleef het (Smith 1988:81).

Benewens talle koerantartikels het Scholtz gedurende die periode 1954-1977 nege selfstandige publikasies die lig laat sien, waarin hy besin oor die posisie van die Afrikaner in die veranderende wêreld en oor die vraagstuk of die Afrikaners in die toekoms as volk sou kon voortbestaan.

Die eerste van hierdie boeke, *Het die Afrikaanse volk ’n toekoms?* (Scholtz 1954), het verskyn toe feitlik die hele Afrika nog onder Europese koloniale beheer was, en Scholtz toon ’n skerp insig in die ontwikkelingspatrone wat gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu tot ingrypende veranderinge op hierdie vasteland sou lei (Giliomee 2000:330). Scholtz het toe reeds besef dat “die ontwakende nasionale gevoel onder die nie-blankes van Afrika” (Scholtz 1954:40), asook die invloed van die Sowjetunie en die voorbeeld van kolonies in Asië wat onafhanklikheid verwerf het, kon lei tot ’n groot botsing in Afrika waarin die “Afrikaanse volk vrywel alleen staan” (Scholtz 1954:56). Hy wys daarop dat die Afrikaner ’n minderheidsgroep in Suid-Afrika is en slegs met behulp van diskriminerende wette sy posisie teenoor die ander inwoners van die land kon handhaaf. Daar is geen rede om te aanvaar dat swart mense nooit dieselfde beskawingspeil as die blankes kan bereik nie en hy verwys dan na historiese voorbeelde van beskaafde “nie-blanke” volke soos die antieke Egiptenare (Scholtz 1954:136-138,151). Geen beskawing kon hom op die lange duur net deur wetgewing handhaaf nie. So ’n beskawing “moet ineenstort, omdat sy voetstuk swak is” (Scholtz 1954:137). Soos in die res van Afrika, sal ’n versetbeweging

onder die swart mense van Suid-Afrika tot stand kom omdat hulle nie met ’n ondergeskikte posisie tevrede sal bly nie. Ook hierdie stelling staaf hy met voorbeelde uit die wêreldgeskiedenis. Hy beskou die feit dat die Afrikaner reeds vanaf die sewentiende eeu van die arbeid van swart mense afhanklik geraak het as ’n groot fout. Ter wille van voortbestaan moet die Afrikaner “die nie-blanke uit sy midde verwyder” en self harder werk (Scholtz 1954:134-135). Hy sien die enigste moontlikheid vir die voortbestaan van die Afrikaner in gebiedskeiding. Meer grond sal “vir uitsluitlike bewoning deur nie-blankes beskikbaar gestel moet word” (Scholtz 1954:161-162). Hy meen dat dit ’n proses is wat jare lank kan duur en dat die ideale oplossing moontlik bereik kan word as die hele Afrika suid van die Zambezi daarby betrek word. Ten einde ’n toekoms vir hul nageslag te skep, kan die Afrikaners hulle “geen aangename lewe…veroorloof” nie (Scholtz 1954:172).

Scholtz spreek in hierdie werk kritiek uit op apartheidswette wat Afrikaners se posisie kunsmatig bevoordeel, maar aanvaar dat die wette vir die voorsienbare tyd behoue moet bly (Scholtz 1954:137). Hy steun die basiese gedagte van apartheid in die sin van gebiedskeiding tussen rasse en volke en sy werk is eintlik ’n pleidooi vir gebiedskeiding as die enigste maatreël wat, volgens hom, op die lange duur ’n toekoms vir die Afrikaner kan verseker. Die boek is vier keer herdruk en verskeie Afrikaanse politici van die vyftigerjare het in hul toesprake, waarskynlik veral in ’n positiewe sin, na hierdie geskrif verwys (Van Jaarsveld 1979:112).

In *Die gevaar uit die Ooste* (Scholtz 1957) probeer Scholtz aantoon dat die Weste sy leidende posisie in die wêreld verkry het deur, onder meer, Asië te oorheers. Indien die Oosterse lande met hul groot bevolkings ’n hoër beskawingspeil bereik, kan dit die voortbestaan van die Westerse kultuur bedreig. Tans is dit veel duideliker as vyftig jaar gelede dat China en Indië besig is om te ontwikkel tot ekonomiese supermoondhede en blyk Scholtz se voorspelling geensins onjuis te wees nie. Hy bring hierdie toekomsvisie in verband met die opkoms van die “nie-blanke” rasse in die algemeen en sien, soos in sy vorige geskrif, die moontlikheid van die voortbestaan vir die Afrikanervolk daarin dat hy homself onafhanklik maak van swart arbeid en die meerderheid ’n eie geografiese gebied vorm (Scholtz 1957:194,200,202).

Kort na republiekwording in 1961 het daar ’n reeks van drie boeke uit die pen van Scholtz verskyn. In die eerste twee dele van die trilogie (Scholtz 1962a en Scholtz 1962b) word, onder meer, die opkoms van die kommunisme en Suid-Afrika se verhouding met ander wêrelddele bespreek. Die derde band, *’n Swart Suid-Afrika?* (Scholtz 1964), handel oor die Suid-Afrikaanse “rassevraagstuk”. Hy besef dat die tyd om suksesvolle gebiedskeiding te bewerkstellig min raak, maar meen dat dit nog nie te laat is nie (Scholtz 1964:141-142). Scholtz dra die twee laaste dele van die reeks op aan die regeringsleiers EH Louw, MDC de Wet Nel en MC Botha om daarmee sy waardering te betuig vir die “wyse waarop hulle

hul beywer om Suid-Afrika se grootste vraagstuk opgelos te kry" (Scholtz 1964, ongenommerde bladsy na titelblad).

In twee beknopte werkies, *Die bedreiging van die liberalisme* (Scholtz 1965) en *Die proses van gelykmaking* (Scholtz 1968), doen Scholtz 'n baie negatiewe beoordeling van die liberalisme as denkstroming en ideologie en sien dit as een van die groot bedreigings vir die voortbestaan van die Afrikaner. 'n Oorwinning van die liberalisme in Suid-Afrika "sal noodwendig meebring dat die politieke mag in die hande van die onbeskaafde nie-blanke meerderheid kom" (Scholtz 1965:104). Liberale idees oor rasseverhoudinge het sedert die dae van die negentiende-eeuse Britse sendelinge 'n negatiewe invloed op die ontwikkeling van Suid-Afrika en van die Afrikaner gehad (Scholtz 1965: 28). In 1977 het 'n hoofstuk deur Scholtz in 'n versamelwerk verskyn, waarin hy verligte Afrikaners, wat onder meer daarvoor gepleit het dat die permanente teenwoordigheid van die swart mense in die stede aanvaar word, daarvan beskuldig dat hulle gedagtes verkondig wat deel gevorm het van die "liberalistiese lewensbeskouing" van JH Hofmeyr, ′n vroeëre politieke leiersfiguur in die Verenigde Party (Scholtz 1977b:57).

Met *Die Afrikaner en die see* (Scholtz 1969) betree Scholtz 'n nuwe terrein. Hy toon aan dat die Afrikaner sedert die vroeë jare van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie van die see vervreemd geraak het. Die suidpunt van Afrika is van die grootste belang vir die beheer van een van die vernaamste seeroetes in die wêreld. Daarom moet Suid-Afrika 'n groot skeepsbounywerheid ontwikkel en moet meer Afrikaners seemanne word (Scholtz 1969:123).

Die laaste boek, *Afrikaner, waarheen?* (1977a), kan as 'n samevatting van Scholtz se toekomsvisie rakende die Afrikaner beskou word. Weer eens bepleit hy gebiedskeiding. Hy meen dat die afbakening van die tuislande 'n belangrike stap was, maar dat Afrikaanse bankiers, nyweraars en entrepreneurs veel meer moet doen om die tuislande te ontwikkel. Hy betreur dit dat Afrikaners nie wil besef "dat die horlosie vyf minute voor twaalf aanwys nie en dat skeiding tussen blank en swart die enigste beleid is wat hul volk van ondergang en vernietiging kan red" (Scholtz 1977a:175).

Uit bogenoemde werke blyk Scholtz se deeglike kennis van die wêreld-geskiedenis. Op grond van hierdie kennnis kon hy die ontwikkelinge in Suid-Afrika binne 'n wyer perspektief sien (Smith 1988:83; Van Jaarsveld 1993:1-14), en dit het hom ook in staat gestel om lyne na die toekoms te trek. Reeds in die eerste twee boeke, wat in die 1950's verskyn het, toon hy groot insig in die rigting waarheen die wêreld, en daarmee saam Suid-Afrika, besig was om te beweeg. Met sy beskouing dat gebiedskeiding die beste waarborg vir die voortbestaan van die Afrikaner sou bied, kan moeilik fout gevind word, hoewel dit 'n debatteerbare punt is of gebiedskeiding in die tydperk na die Tweede Wêreldoorlog nog 'n haalbare moontlikheid was. Ongelukkig het hy in latere werke hoofsaaklik net sy beskouinge

herhaal en in 1977 nog geglo dat die regeringsbeleid van tuislandontwikkeling tot ’n oplossing kon lei, al het hy besef dat die horlosie op vyf voor twaalf staan. In sy volgehoue peidooie vir gebiedskeiding het hy nooit die moontlikheid dat ’n klein deel van Suid-Afrika as tuisland vir die Afrikaners ontwikkel word as oplossing voorgehou nie. Verder het hy nie daarop gewys dat Afrikaanssprekendes in die westelike helfte van Suid-Afrika die meerderheid van die bevolking uitmaak en dat gebiedskeiding, waarby die breë Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskap die meerderheid in ’n aparte gebied vorm, ook ’n moontlikheid is wat oorweging verdien nie. Scholtz het gedink in terme van blanke en “nie-blanke” rasse en, soos die meeste Afrikanernasionaliste van sy tyd, kon hy die Afrikaner nie anders sien as volledig deel van die blanke ras nie.

## 4. FA VAN JAARSVELD

FA van Jaarsveld (1922-1995) is al bestempel as die prominentste figuur in die Afrikaanse geskiedskrywing van die twintigste eeu (Tempelhoff 1996:25). Hy het in 1950 aan die Universiteit van Groningen gepromoveer en was daarna professor in Geskiedenis aan, agtereenvolgens, die Universiteit van Suid-Afrika, die Randse Afrikaanse Universiteit en die Universiteit van Pretoria. Hy het talle boeke en artikels geskryf, veral op die terreine van ideëgeskiedenis en historiografie. ’n Groot deel van sy oeuvre het te make met die geskiedenis van die Afrikaner. Daar het van hom ook enkele geskrifte verskyn, waarin hy oor die hede en toekoms van die Afrikaner besin. Die eerste twee van hierdie publikasies (Van Jaarsveld 1965 en 1971) is versamelings van kort praatjies wat hy oor die radio gelewer het en het dus ’n populêre inslag.

Die eerste bundel het die titel *Die verlede spreek* en Van Jaarsveld probeer daarin veral aantoon dat ons die verlede moet ken “sodat ons kan weet hoe om in die hede en die toekoms te handel” (Van Jaarsveld 1965:9). Hy noem die Afrikaner ’n “krisisvolk” omdat daar al baie keer twyfel uitgespreek is of hy “sy voortbestaan en identiteit sou kan handhaaf”, onder meer tydens die Groot Trek en die twee Anglo-Boereoorloë (Van Jaarsveld 1965:57). In die 1960’s is die Afrikaners weer in ’n krisis gedompel en voorspel nuwe doemprofete “sy ondergang, vernietiging en verdwyning” (Van Jaarsveld 1965:57). Van Jaarsveld glo dat, soos die Afrikaner tevore krisisse deurstaan het, “so sal hy dit weer deurstaan”. As ’n blanke wêreldryk die Afrikaner nie kon vernietig nie, “sal die magte van Asië en Afrika dit ook nie kan doen nie” (Van Jaarsveld 1965:45). Naas pan-Afrikanisme sien hy “vreemde ideologieë” soos “liberalisme, internasionalisme en kommunisme” as ’n bedreiging (Van Jaarsveld 1965:53). Hy spreek die hoop uit dat die Afrikaner daarin sal slaag om sy samelewing so te orden dat “blank en swart – almal kinders van

Afrika – vreedsaam naas mekaar sal kan bestaan tot heil en voorspoed van almal" (Van Jaarsveld 1965:48). Hy dui nie aan hoe hy hierdie ordening visualiseer nie.

Die tweede bundel, *Afrikaner quo vadis?*, het 'n sterker historiese karakter en verskeie aspekte van die Afrikaner se geskiedenis vanaf die sewentiende eeu word daarin onder die loep geneem. In die slotafdeling, getiteld "die hede" (Van Jaarsveld 1971:129-148), verklaar Van Jaarsveld dat die "laaste groot konstitusionele vraagstuk" van die land tans opgelos moet word, naamlik "die herordening en herverdeling van Suid-Afrika in sy historiese volkskomponente" (Van Jaarsveld 1971:146). Hy meen dat die (blanke) Afrikaans- en Engelssprekendes as twee groepe met verskillende kulture en lewensbeskouinge gesien moet word en lewer kritiek op Afrikaanse koerante en joernaliste wat "die beginsels van die heersende wêreldideologie van die liberalisme versprei" (Van Jaarsveld 1971:130-131). As die Afrikaners nie van die subtiele deurwerking van die liberalisme in die pers bewus gemaak word nie, "sal nie slegs ons identiteit as volk op die spel geplaas word nie, maar ook ons voortbestaan in hierdie land" (Van Jaarsveld 1971:132).

Dit blyk uit bostaande dat Van Jaarsveld hom in die eerste bundel openbaar as 'n gematigde politieke denker wat pleit vir die vreedsame naasbestaan vir die verskillende groepe in die land, al verwerp hy daarin reeds die liberalisme as 'n "vreemde ideologie". In die tweede bundel kom hy met sterk konserwatiewe standpunte na vore (Kapp 1982:81; Mouton 2007b:236) en skaar hy hom in die sogenaamde verlig-verkrampstryd onder die Afrikaners van daardie jare duidelik aan die kant van die verkramptes. Van Jaarsveld bespreek nie die vraag in hoeverre dit uitvoerbaar is om die land in verskillende gebiede in te deel nie (en of daar byvoorbeeld aparte gebiede vir Afrikaners, Engelssprekendes en bruin mense moet wees nie), maar verklaar net dat hy glo dat die Afrikaners kan en sal slaag; sodra hulle begin twyfel is daar nie meer 'n toekoms vir die Afrikaners nie (Van Jaarsveld 1971:148). Anders as Scholtz beskou Van Jaarsveld nie die posisie van die Afrikaners in 'n wêreldhistoriese perspektief nie. Die laaste paar bladsye van die tweede bundel, onder die opskrif "positiewe toekomsdenke" (Van Jaarsveld 1971:147-148), skep die indruk dat hy homself probeer oortuig dat die apartheidsbeleid moet slaag, ongeag die omstandighede wat op die teendeel dui.

*Omsingelde Afrikanerdom* (Van Jaarsveld 1978) is 'n bundel waarin 'n aantal rubrieke wat Van Jaarsveld in 1977 vir die dagblad *Hoofstad* geskryf het, opgeneem is. In hierdie boek is daar 'n meer diepgaande bespreking van eietydse probleme as in die twee vroeëre geskrifte. Die bundel vorm egter nie 'n sterk logiese eenheid nie. Sommige sake word meer as een maal, telkens in verskillende afdelings, bespreek en Van Jaarsveld stel nie altyd konsekwent dieselfde standpunt oor dieselfde onderwerp nie. 'n Mens sou hieruit kon aflei dat hy in hierdie tydperk geworstel het met kernvraagstukke rakende die toekoms van die Afrikaner en dat dit tot veranderende beskouinge by hom gelei het.

In *Omsingelde Afrikanerdom* sien Van Jaarsveld die liberalisme steeds as ’n ideologie wat ’n negatiewe invloed op die wêreld en veral die Weste het. Volgens hom is die liberaliste in Westerse lande verantwoordelik vir die ontstaan van ’n skuldgevoel oor vroeëre Europese kolonialisme in Asië en Afrika en is hulle “blind vir die goeie” wat die blankes na die twee kontinente gebring het (Van Jaarsveld 1978:269). Hy haal, met instemming, die Amerikaanse skrywer, James Burnham, aan wat meen liberalisme is “besmet met Kommunisme” en dat dit die “ideologie van selfmoord vir die Weste” is. Van Jaarsveld sien die Verenigde State daarom as net so ’n groot gevaar vir Suid-Afrika as die Sowjetunie (Van Jaarsveld 1978:272). Tans, na die val van die Berlynse Muur en die induiestorting van die Sowjetunie in die jare 1989-1991, is dit duidelik dat Van Jaarsveld se toekomsvisie, wat die Weste en die kommunisme betref, nie korrek was nie.

Ten opsigte van die Afrikaner staan Van Jaarsveld in 1978 meer simpatiek teenoor liberalisme as geestestroming. Die Afrikaner se lewens- en wêreld-beskouing is op die platteland gevorm, en met die toenemende verstedeliking het hy in ’n geestelike krisis beland. ’n Nuwe geslag verstedelikte Afrikaners voel hulle nie meer tuis binne die tradisionele Afrikaanse nasionalistiese denke nie, veral ook omdat hulle besef dat die beleid van afsonderlike ontwikkeling nie versoenbaar is met “ekonomiese en wêreldrealiteite” nie. Hy meen ook dat die apartheidsbeleid, soos dit in 1948 ingestel is, die einde van die pad bereik het. Terwyl die konserwatisme van die noordelike Afrikaners in die vyftigerjare ’n oorwinning oor die liberalisme van Kaapse Afrikaners behaal het, lyk dit tans of daar ’n terugkeer is na die liberale denkrigting (Van Jaarsveld 1978:42). In ’n latere oorsig skryf hy dat vanaf ongeveer 1965 Afrikanerdenke geleidelik “verliberaliseer” het (Van Jaarsveld 1979:18). Van Jaarsveld staan egter nog negatief teenoor liberale Engelstalige Suid-Afrikaners wat ’n beleid voorstaan wat moet uitloop op swart meerderheidsregering (Van Jaarsveld 1978:235).

Wat betref ’n toekomstige politieke bestel vir Suid-Afrika, steun hy die beleidsrigtinge wat in daardie jare deur leidende figure in die Nasionale Party voorgestaan is. Aangesien daar nie tuislande vir die bruin mense en die Indiërs geskep kan word nie, behoort hulle “’n integrale deel van ’n plurale samelewing in ’n plurale staat” te vorm (Van Jaarsveld 1978:62). Hy is (met verwysing na die nasionale konvensie van 1909 wat tot uniewording gelei het) nie ten gunste van ’n tweede nasionale konvensie, nou tussen alle bevolkingsgroepe in die land, om saam oor ’n nuwe bestel te besluit nie, maar wel ten gunste van onderhandelinge met swart leiers (Van Jaarsveld 1978:189). Dit kan “uiteindelik na ’n soort federale regeringsvorm lei wat die land met een stem na buite sal laat praat, aanvaarbaar vir Afrika en die wêreld” (Van Jaarsveld 1978:195). Die alternatief hiervoor is ’n oorlog wat die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 “na kinderspeletjies sal laat lyk” (Van Jaarsveld 1978:217).

Hoewel Van Jaarsveld dus meen dat ’n oorlog oor die toekoms van Suid-Afrika ten alle koste vermy moet word, skryf hy in ’n ander afdeling dat Suid-Afrika reeds in die “Derde Vryheidsoorlog” gewikkel is, ’n stryd teen “nasionalistiese Swart Imperialisme” (Van Jaarsveld 1978:251). As Suid-Afrika hierdie oorlog verloor, sal daar ’n swart meerderheidsregering in Suid-Afrika wees en sal blankes nie meer in Suid-Afrika geduld word nie, behalwe dalk as individuele tegnici en bestuurders (Van Jaarsveld 1978:254). So ’n oorlog mag dalk tog op ’n oorwinning vir die Suid-Afrikaanse blankes uitloop as daar ’n kentering is by die “linkse Westerse mens” of as ’n Derde Wêreldoorlog of ’n oorlog in die Midde-Ooste die Suid-Afrikaanse situasie kan ontlont (Van Jaarsveld 1978: 254).

Van Jaarsveld het in *Omsingelde Afrikanerdom* ’n minder konserwatiewe uitkyk as in *Afrikaner quo vadis?* Hy steun nog steeds die beleid van die Nasionale Partyregering, maar verwoord nou die mees verligte idees wat daar onder die regerende elite van daardie jare geheers het. Die boek is opgedra aan ’n aantal kabinetsministers. Hy glo nog dat swart meerderheidsregering ten alle koste verhoed moet word en sien nog, soos die destydse regering, die oplossing in aparte gebiede vir die swart mense, naas ’n gebied vir die res van die bevolking, en hierdie gebiede moet dan in ’n soort konfederasie saamgesnoer word. In enkele afdelings van die boek (bv. Van Jaarsveld 1978:217-221,254) kom die beskouing na vore dat eintlik slegs ingrypende veranderinge op die wêreldtoneel die Afrikaner van ’n swart meerderheidsregering en daarmee van ondergang kan red.

In 1982 skryf Van Jaarsveld dat die veranderinge in regeringsbeleid, wat uiteindelik gestalte sou kry in die grondwet van 1984 en in die driekamerparlement, ’n belangriker ontwikkeling as uniewording in 1910 is en dat die “’Wit Suid-Afrika’-legende” hiermee beëindig is (Van Jaarsveld 1982:155). In 1985 verklaar hy dat die Afrikaner “die grootste krisis in sy geskiedenis sedert die koms van Van Riebeeck” beleef. Die droom van ’n “eksklusiewe Afrikanerregering in ’n Wit Afrikanerland het in rook opgegaan” (Van Jaarsveld 1985:32). Dit is onafwendbaar dat stedelike swart mense medeseggenskap in die regering moet kry. Hy gaan nou sover om te verklaar dat die Afrikaners na 1948 die land volgens ’n utopiese droombeeld wou omskep, maar dat hierdie droom net die historiese prosesse, wat moet uitloop op deelname van alle bevolkingsgroepe, vertraag het (Van Jaarsveld 1985:32).

In 1990 maak Van Jaarsveld weer eens ’n “diagnose van ons situasie”. Hy skryf nou nie meer dat die Afrikaner in ’n oorlewingskrisis is nie, maar dat Suid-Afrika op die breukvlak van twee tydvakke staan: die einde van die tydperk van blanke oorheersing wat 333 jaar geduur het en die begin van ’n tydperk van ware meerderheidsregering (Van Jaarsveld 1990:46). Daar word nou besef dat die Afrikaners na 1948 op dwaalweë beland het wat tot hul isolasie gelei het. Die Afrikaners moet nou met hul laaste trek begin, “naamlik ’n trek na die aanvaarding

van swart en bruin Suid-Afrikaners as medeburgers en lotgenote in ’n nuwe Suid-Afrika onder ’n gemeenskaplike, te onderhandelde grondwet, wat gelyke regte aan almal waarborg, en waarin die meerderheid ooreenkomstig demografiese beginsels moet regeer” (Van Jaarsveld 1990:48). Dit sal van Suid-Afrika vir die eerste keer ’n ware demokrasie maak. Die Afrikaners moet “uiteindelik, teen wil en dank, verafrikaniseer” (Van Jaarsveld 1990:49). Hoewel sommige Afrikaners meen dat dit die einde van die Afrikanerdom beteken, is daar ander (en ’n mens kan aflei dat Van Jaarsveld hom by hulle skaar) wat in die lig van die verlede optimisties is omdat “die Afrikaners vroeër behoue deur krisisse soos die Groot Trek en die Anglo-Boereoorlog gekom het” (Van Jaarsveld 1990:52). Terwyl baie ondersteuners van die Nasionale Party in 1990 nog gedink het dat onderhandelinge met die African National Congress (ANC) tot ’n stelsel van magsdeling kon lei, het Van Jaarsveld toe reeds besef dat ’n regering deur die meerderheid van die bevolking onvermydelik was.

Dit blyk dat Van Jaarsveld sy siening van die plek en toekoms van die Afrikaners in Suid-Afrika telkens aangepas het by veranderende omstandighede. Hy het nuwe rigtings in regeringsbeleid in perspektief geplaas en moontlike oplossings, wat regeringsleiers in die vooruitsig gestel het, bespreek, maar nie veel kritiek op regeringsbeleid gelewer wat daartoe sou kon bydra om beleidsveranderinge te inisieer nie. Van Jaarsveld het met sy geskrifte gehelp om die Afrikaners met hul veranderende situasie te versoen, maar dit is te betwyfel of hy werklik, soos Mouton (2007b:241) meen, ’n padoopmaker (en dus ’n koersaanduider), genoem kan word. Hy was hoofsaaklik ’n ontleder van eietydse gebeure wat hy veral in ’n historiese konteks belig het. Sy analises is meesal verhelderend, maar soms hou sy historiese vergelykings die gevaar in van ’n eensydige interpretasie van die hede in die lig van die geskiedenis. Deur byvoorbeeld te skryf dat die Afrikaner in die jare na 1960 in ’n Derde Vryheidsoorlog gewikkel geraak het en dat, waar die Tweede Vryheidsoorlog ’n oorlog teen Britse imperialisme was, daar nou ’n stryd teen swart imperialisme is, word bepaalde ooreenkomste tussen die Afrikaner se posisie teen 1900 en omstandighede in die laat twintigste eeu uitgelig en wesenlike verskille na die agtergrond verdring (vergelyk ook die kritiek van Kapp 1982:84).

## 5. HERMANN GILIOMEE

Hermann Giliomee (gebore 1938) het studeer aan die Universiteit van Stellenbosch, waar hy etlike jare lank ’n dosent in Geskiedenis was. Van 1983 tot 1998 was hy professor in Politieke Studies aan die Universiteit van Kaapstad en sedertdien is hy ’n buitengewone hoogleraar in Geskiedenis en navorsingsgenoot aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy is die outeur van verskeie publikasies op die terreine van Geskiedenis en Politieke Wetenskap. As historikus het hy veral

bekendheid verwerf met *The shaping of South African society, 1652-1820* (Elphick & Giliomee 1979) waarvan hy ’n redakteur en medeskrywer was. Sy interpretasie van die vroeë Suid-Afrikaanse geskiedenis toon veral die kenmerke van die liberale skool van Suid-Afrikaanse historici (De Klerk 2010:18-21). ’n Latere geskiedeniswerk van Giliomee wat in Suid-Afrika en in die buiteland heelwat aandag getrek het, is *The Afrikaners; biography of a people* (Giliomee 2003), waarvan ook ’n Afrikaanse weergawe verskyn het. Soos Scholtz en Van Jaarsveld het Giliomee veral oor die geskiedenis van die Afrikaners geskryf, maar, terwyl die invloed van Afrikanernasionalisme in die werke van die twee ouer skrywers duidelik na vore kom, verteenwoordig Giliomee ’n jonger en ander geslag Afrikaanse historici wat nie as deel van die Afrikaans-nasionalistiese rigting in die geskiedskrywing geklassifiseer kan word nie.

Giliomee het reeds in die sewentigerjare artikels oor politieke vraagstukke, hoofsaaklik in *The Cape Times*, gepubliseer, waarvan ’n aantal in die boek *The parting of the ways* (Giliomee 1982) gebundel is. Hierin verklaar hy onder meer dat die regering se erkenning van die permanentheid van stedelike swart mense en die voorstelle van die Wiehahnkommissie, wat onder meer gelei het tot die wettiging van swart vakbonde, die einde is van die ou beleid van afsonderlike ontwikkeling en die begin van ’n nuwe orde wat nie meer net op ras nie, maar ook op meriete gebaseer is (Giliomee 1982:23). Hy meen dat, hoewel Suid-Afrika ’n onsekere toekoms tegemoet gaan, daar nog tyd is om ’n politieke stelsel te ontwerp waarin groot dele van die blanke en die swart bevolking geakkommodeer kan word (Giliomee 1982:42). Giliomee glo dat die omstandighede in die land teen 1980 nie daarop dui dat daar gou ’n rewolusie sal plaasvind nie. Tog is daar wel tekens dat swart mense al meer negatief teenoor die regering ingestel raak en dat dit kan lei tot meer geweld en stedelike terreur. Hoewel die regering waarskynlik nog vir ’n geruime tyd pogings om sy mag omver te werp, sal kan afweer, sal die koste daarvan vir sakevertroue, ekonomiese groei en algemene lewenskwaliteit al groter word (Giliomee 1982:157). Uit latere ontwikkelinge blyk dit dat hy met hierdie voorspelling in die kol was.

Terwyl Giliomee met sy koerantartikels hoofsaaklik Engelstalige Suid-Afrikaners bereik het, het hy ook, van 1984 tot 1990, as eerste redakteur en uitgewer van die Afrikaanstalige meningsblad, *Die Suid-Afrikaan*, ’n belangrike bydrae gelewer tot kritiese besinning oor die Suid-Afrikaanse politiek en samelewing. In die eerste uitgawe spreek Giliomee en sy mederedaksielede hul uit ten gunste van "’n oop samelewing, gelykberegtiging en ’n vreedsame skikking in Suid-Afrika" (Anon. 1984a:1). Hulle meen dat die grondwetlike bedeling van 1984 bepaalde moontlikhede bied vir politici uit die geledere van die bruin mense en die Suid-Afrikaanse Indïers om hul posisie te versterk, maar dat die wisselwerking met

buiteparlementêre partye veral sal bepaal of die regering groter legitimiteit binne die samelewing as geheel kan verwerf (Anon. 1984b:5).

In 1986 skryf Giliomee dat die vrese van die Afrikaners nie soseer gaan oor swart meerderheidsregering nie, maar oor sake soos verlies van beheer oor hul skole en die minagting van hul taal. Swart nasionaliste wantrou blanke beloftes van hervorming en staan negatief teenoor konsepte soos wit minderheidsregte. Dit alles dui op ’n moeilik afwendbare botsing tussen Afrikanernasionalisme en Afrika-nasionalisme (Giliomee 1986:23-24). Hy meen dat die regering geensins gereed is om ’n swart meerderheidsregering te aanvaar nie, maar dat ’n burgeroorlog verhoed kan word as ’n stelsel van magsdeling tussen die regering en swart mense in die nabye toekoms geïmplementeer word. So ’n stelsel sou die vorm van ’n nie-rassige outokrasie kon aannneem waarin ’n sterk swart polisiemag en leër teenstand kan onderdruk, of anders sou die regering ’n ooreenkoms met ’n deel van die ANC kan aangaan wat daartoe lei dat, na ’n algemene verkiesing, swart nasionaliste en Afrikanertegnokrate saam die land regeer (Giliomee 1987:19).

Enkele jare later spreek hy hom weer uit ten gunste van ’n stelsel van magsdeling. Op die lang termyn is meerderheidsregering onvermydelik, maar die regte omstandighede om ’n liberale demokrasie in Suid-Afrika te vestig, het in 1989 nog nie bestaan nie (Giliomee & Schlemmer 1989:207-209). Daar behoort eers ’n oorgangsperiode te wees met ’n politieke stelsel wat gesteun word deur die vernaamste groepe, sowel deur dié wat toe in die parlement verteenwoordig was as die buiteparlementêre groepe. Alleen deur daadwerklike deelname aan politieke mag op alle vlakke kan die vervreemding van die swart elite gekeer word (Giliomee & Schlemmer 1989:188). Daar is in die diep verdeelde samelewing van Suid-Afrika twee dominante groepe wat hul albei sterk met Suid-Afrika as hul etniese tuiste identifiseer. Om beheer oor daardie tuiste te verloor, kan lei tot die opbreek van die groep, en dit is iets wat elke groep ten alle koste wil verhoed. Daarom behoort ’n blanke groep, wat aandring op groepregte, en ’n swart groep, wat individuele regte beklemtoon, ’n ooreenkoms te bereik wat aan albei se vereistes voldoen. Dit kan daartoe lei dat ’n nuwe nasie gebou word waarin Afrikanasionalisme én Afrikanernasionalisme getransendeer word (Giliomee & Schlemmer 1989:240-241). In ’n vergelykende studie oor Suid-Afrika, Israel en Noord-Ierland kom hy tot die gevolgtrekking dat in al drie gebiede vrede net bereik kan word as aanvaar word dat nie een van die twee dominante groepe in elke land sterk genoeg is om sy ideale op die ander een af te dwing nie en ’n kompromis bereik moet word (Giliomee 1990:314).

In latere publikasies het Giliomee hom krities uitgelaat oor die onderhandelinge wat gelei het tot die implementering van ’n nuwe Suid-Afrikaanse grondwet in 1994. Daar was nie werklik magsdeling wat, soos hy in bogenoemde publikasies geargumenteer het, ten minste vir ’n oorgangstydperk noodsaaklik was

nie. Hy meen dat die Nasionale Party ten minste kon beding het vir ’n stewiger plek vir Afrikaans as ’n amptelike taal en vir Afrikaanse skole en universiteite (Giliomee 1997:137,141-143; Giliomee 2009:644-645). Die eksperiment in demokrasie wat in 1994 begin is, was dapper, maar waarskynlik onverstandig (Giliomee & Schlemmer 1994:1).

In ’n studie oor eenparty-oorheersing in kontempêre demokrasieë skryf Giliomee dat daar aanduidings is dat die politieke bedeling wat in 1994 in Suid-Afrika tot stand gekom het in werklikheid beteken dat die liberale demokratiese stelsel net ’n kleed is wat die oorheersing van een groep oor ’n ander bedek. Die verkiesing van 1994 was in baie opsigte ’n etniese sensus en die patroon sal hom waarskynlik in toekomstige verkiesings herhaal (Giliomee & Simkins 1999a:39-40). Terwyl baie politieke wetenskaplikes in hierdie jare geglo het dat Suid-Afrika besig is om te ontwikkel in ’n ware demokrasie, is Giliomee meer pessimisties en meen hy dat die ANC as dominante party eerder in die rigting beweeg van die onderdrukking van politieke mededinging (Giliomee & Simkins 1999b:347).

Verskeie van Giliomee se resente publikasies handel oor die toekoms van Afrikaans, veral op die gebied van die onderwys. Soos reeds in sy vorige geskrifte aangedui, glo hy dat die ANC, soos ander meerderheidsgroepe in kultureel heterogene samelewings met demokratiese regeringstelsels, die drang het om ’n enkele omgangstaal en kultuur in die land tot stand te bring. Onder “die vaandel van ‘representativity’ en ‘access’, dwing die meerderheid ’n minderheid om in te val by die uitsluiting van hul taal” (Giliomee 2001:61; Giliomee 1996:28,32). Op skool- en universiteitsvlak lei dit tot regeringsdruk op instellings om na parallel- of dubbelmedium oor te skakel (Giliomee & Schlemmer 2006:114; Giliomee, 2009: 698-699,713).

Giliomee is ’n sterk onafhanklike denker wat, soos hy self verklaar het, hom in die sewentigerjare nie in Stellenbosch se Afrikaanse “establishment” tuisgevoel het nie en later die akademici aan die Universiteit van Kaapstad as “te gerieflik links, liberaal en tevrede met hulself” ervaar het (Tempelhoff 2003:10). Hy het kritiek gelewer op die politieke stelsel en beleid van die Nasionale Partyregering van die 1970’s en 1980’s en op die ANC-gedomineerde regering van die periode na 1994. Daar kom nuanseverskille voor in sy publikasies, wat oor ’n tydperk van meer as drie dekades verskyn het, maar hy het oor die algemeen konsekwent dieselfde politieke standunte gestel. Anders as Scholtz en Van Jaarsveld is Giliomee ’n professionele historikus én politieke wetenskaplike en is sy toekomsperspektiewe ook deur die resultate van sosiaal-wetenskaplike navorsing beïnvloed. Sy noue samewerking met prominente sosiaal-wetenskaplike navorsers, soos Heribert Adam en Lawrence Schlemmer, het waarskynlik veral ’n belangrike invloed op die ontwikkeling van sy politieke denke gehad. Die feit dat hy tot 1990 nog verwag het dat ’n magsdelingsooreenkoms in Suid-Afrika tot stand sou kom eerder as ’n

vinnige oorgang na swart meerderheidsregering, dui moontlik daarop dat hy toe meer waarde geheg het aan sosiaal-wetenskaplike teorieë as aan ’n breë historiese perspektief. Feitlik al sy publikasies het nietemin ’n sterk historiese inslag en sy historiese kennis en insig speel ’n kardinale rol in sy analises van Suid-Afrika se hede en toekoms.

## 6. SLOTBESKOUING

Scholtz, Van Jaarsveld en Giliomee het elkeen, vir die grootste deel van hul loopbane, te make gehad met die beleid van die Nasionale Partyregering (1948-1994) wat in hierdie periode verskillende wysigings ondergaan het. Die tydperke van die drie historici se politieke betrokkenheid oorvleuel met mekaar, maar Scholtz het veral in die vroeë jare, Van Jaarsveld in die middelste periode en Giliomee in die laaste jare voor 1994 hul belangrikste politieke publikasies gelewer. Elkeen se geskrifte moet in die konteks van die besondere tydsomstandighede beskou en beoordeel word en ’n direkte inhoudelik vergelyking van hul uitsprake sou daarom nie sinvol wees nie.

As die vorm of styl van hul politieke kritiek en koersaanduiding vergelyk word, is daar tog interessante ooreenkomste en verskille. Al drie se beskouing van die eietydse situasie is sterk gekoppel aan hul historiese perspektief, hoewel daar slegs by Scholtz werklik ’n wêreldhistoriese perspektief is. Scholtz en Van Jaarsveld (soos ook Krüger en Kotzé) was baie versigtig om die regering direk te kritiseer. Dit is in ooreenstemming met die algemene atmosfeer onder Afrikaanse akademici van die vyftiger- tot sewentigerjare. Skerp kritiek is as dislojaliteit teenoor die Afrikanervolk beskou (Giliomee 2000:327). Giliomee skryf in ’n tyd toe die invloed van Afrikanernasionalisme reeds veel swakker was en lojaliteitsgevoelens teenoor die leiers nie meer so sterk aanwesig was nie. Scholtz en Giliomee is meer konsekwent in hul standpunte as Van Jaarsveld, wie se beskouinge saam met dié van die politieke leiers verander het. Scholtz en Giliomee toon ook ’n beter insig in die toekoms as Van Jaarsveld. Tog blyk dit dat Scholtz en Giliomee die vermoë van die Afrikaners om hul eie toekoms te bepaal oorskat, terwyl uit Van Jaarsveld se uitsprake afgelei kan word dat hy besef dat mense maar in ’n beperkte mate beheer oor hul toekoms het en dat die geskiedenis telkens onvoorsiene wendinge neem.

Die politieke kritiek wat die drie historici lewer, kom in baie opsigte ooreen met dié van ander Afrikanergeleerdes. Gedurende die vyftiger- en sestigerjare is gebiedskeiding, met al die opofferings wat dit van Afrikaners sou verg, deur akademici soos Ben Marais en NP van Wyk Louw en ook deur ’n aantal professore van die Potchefstroomse Universiteit as oplossing voorgehou (Giliomee 2000: 328,331; De Klerk 2000). Daar was egter in dié tyd reeds geleerdes soos B Keet en LJ du Plessis wat gemeen het dat algehele territoriale skeiding nie meer moontlik

was nie (Giliomee 2000:328; Marx 2010:72-73). In die sewentigerjare het Scholtz nog gebiedskeiding as oplossing voorgestaan, maar Van Jaarsveld, Giliomee en ander akademici, onder meer JH Coetzee, WJ de Klerk en GvN Viljoen, het besef dat stelsels oorweeg moet word waarin politieke mag aan alle bevokingsgroepe in die land verleen word sonder dat die Afrikaners hul mag prysgee (Giliomee 1994:538,541; De Klerk 2001). In aansluiting by Van Wyk Louw se opmerking twintig jaar tevore dat dit vir Afrikaners nie om blote voortbestaan nie maar om voortbestaan in geregtigheid moet gaan, het filosowe soos Johannes Degenaar en André du Toit in die vroeë 1980's gewaarsku dat Afrikaners, met hul strewe om politieke mag ten alle koste te behou, op ' n ernstige morele krisis afstuur (Giliomee 1994:532,544,545).

Giliomee is een van 'n groep Afrikanerintellektuele wat in die jare na 1994 besin het oor die toekoms van die Afrikaners en die Afrikaanse taal en kultuur. Hieroor was daar heelwat meningsverskille, en Van Zyl Slabbert, 'n prominente Afrikaanse politieke denker, het hom byvoorbeeld baie meer positief uitgelaat oor die demokratiese karakter van die regeringstelsel en die posisie van die Afrikaners in die nuwe bedeling (Adam, Slabbert & Moodley 1997:212-214).

Binne die konteks van die debat oor die toekoms van die Afrikanervolk het Scholtz, Van Jaarsveld en Giliomee net 'n beperkte bydrae gelewer en was hul invloed op politieke besluite, soos dié van baie ander Afrikanerakademici, waarskynlik maar klein. Scholtz se pleidooie vir radikale gebiedskeiding het op dowe ore by regeringsleiers geval en Giliomee se beskouinge oor 'n magsdelingsooreenkoms het geen besondere invloed gehad op die totstandkoming van die politieke bedeling van 1994 nie. Tog het hulle met hul historiese benadering tot politieke probleme 'n eie aksent aan die denke oor die Afrikaners se politieke situasie gegee en gesorg dat die besondere bydrae wat historici in hierdie verband kan lewer nie agterweë gebly het nie.

## BRONNELYS

Adam H, Slabbert FvZ & Moodley K 1997. *Comrades in business; post-liberation politics in South Africa.* Cape Town: Tafelberg.

Anon. 1984a "Redaksioneel", *Die Suid-Afrikaan* 1:1.

Anon. 1984b " 'n Nuwe bedeling?", *Die Suid-Afrikaan* 1:2-5.

De Klerk P 2000. "Die tydskrif *Woord en Daad* en die apartheidsbeleid, 1954-1966", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 25(1):72-88.

De Klerk P 2001. "Afskeid van apartheid – die politieke koers van die tydskrif *Woord en Daad* in die periode 1967-1990", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 26(2):34-57.

De Klerk P 2003. "DW Krüger as skrywer van eietydse geskiedenis", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 28(3):72-91.

De Klerk P 2010. "Integrasieprosesse in die vroeë Kaapkolonie (1652-1795) binne vergelykende konteks – 'n historiografiese studie", *New Contree* 59:1-27.

Elphick R & Giliomee H (reds.) 1979. *The shaping of South African society, 1652-1820.* Kaapstad: Longman.

Giliomee H 1982. *The parting of the ways; South African politics, 1976-82.* Kaapstad: Philip.

Giliomee H 1986. *The history in our politics; inaugural lecture, 11 June 1986.* Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.

Giliomee H 1987. "Afrikaner nationalism, 1870-2001." In: Fischer A & Abeldas M (eds). *A question of survival; conversations with key South Africans.* Johannesburg: Jonathan Ball.

Giliomee H 1990. "The elusive search for peace." In: Giliomee H & Gagiano J (reds). *The elusive search for peace; South Africa, Israel and Northern Ireland.* Kaapstad: Oxford University Press.

Giliomee H 1994. "'Survival in justice': an Afrikaner debate over apartheid", *Comparative Studies in Society and History* 36:527-548.

Giliomee H 1996. *Liberal and populist democracy in South Africa; challenges, new threats to liberalism.* Johannesburg: South African Institute of Race Relations.

Giliomee H 1997. "Surrender without defeat: Afrikaners and the South African 'miracle'", *Daedalus* 126(2):113-146.

Giliomee H 2000. "Critical Afrikaner intellectuals and apartheid, 1943-1958", *South African Journal of Philosophy* 19(4):321-339.

Giliomee H 2001. "Die taal- en kulturele uitdagings van die histories Afrikaanse universiteite". In: Giliomee H & Schlemmer L (reds). *Kruispad; die toekoms van Afrikaans as openbare taal.* Kaapstad: Tafelberg.

Giliomee H 2009. *The Afrikaners; biography of a people.* Kaapstad: Tafelberg (hersiene uitgawe).

Giliomee H & Schlemmer L 1989. *From apartheid to nation-building.* Cape Town: Oxford University Press.

Giliomee H & Schlemmer L (reds.) 1994. *The bold experiment; South Africa's new democracy.* Johannesburg: Southern.

Giliomee H & Schlemmer L 2006. "Afrikaans in die onderwys; resultate van 'n ondersoek na die houding van ouers", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 46(2):112 -124.

Giliomee, H & Simkins C 1999a. "The dominant party regimes of South Africa, Mexico, Taiwan and Malaysia: a comparative assessment". In: Giliomee H & Simkins C (reds). *The awkward embrace; one-party domination and democracy.* Kaapstad: Tafelberg.

Giliomee H & Simkins C 1999b. "Conclusion". In: Giliomee H & Simkins C (reds). *The awkward embrace; one-party domination and democracy.* Kaapstad: Tafelberg.

Grundlingh A 1990. "Politics, principles and problems of a profession: Afrikaner historians and their discipline , c.1920-c.1965", *Perspectives in Education* 12(1):1-19.

Kapp PH 1982. "FA van Jaarsveld as vertolker van sy tyd", *Historia* 27(1):78-85.

Kapp PH 2000. "Kontinentale kontak en invloed op die Afrikaanse geskiedbeoefening", *Historia* 45(2):411-437.

Kapp PH 2004. *Verantwoorde verlede; 'n historiografiese studie.* Stellenbosch: Uitgewer onvermeld.

Kossmann EH 1981. "Friedrich Meinecke (1862-1945)". In: Huussen AH *et al*., *Historici van de twintigste eeuw.* Utrecht: Het Spectrum.

Kotzé DJ 1968. *Positiewe nasionalisme.* Kaapstad: Tafelberg.

Kotzé DJ 1977. *Kommunisme vandag.* Kaapstad: Tafelberg.

Krüger DW 1949. "Die wêreld en ons ", *Koers* 16(4):141-145.

Krüger DW 1958. *The age of the generals; a short political history of the Union of South Africa, 1910-1958.* Johannesburg: Dagbreek.

Krüger DW 1969. *The making of a nation; a history of the Union of South Africa, 1919-1961*. Johannesburg: Macmillan.

Marx C 2010. “From trusteeship to self-determination: L.J. du Plessis’ thinking on apartheid and his conflict with H.F. Verwoerd”, *Historia* 55(2): 50-75.

Mouton FA (red.) 2007a. *History, historians and Afrikaner nationalism.* Vanderbijlpark: Kleio.

Mouton FA 2007b. “Professor F.A. van Jaarsveld (1922-1995) – a flawed genius?” In Mouton 2007a.

Scholtz, GD 1954. *Het die Afrikaanse volk ’n toekoms?* Johannesburg: Voortrekkerpers.

Scholtz GD 1957. *Die gevaar uit die Ooste.* Johannesburg: Voortrekkerpers.

Scholtz GD 1962a. *Die stryd om die wêreld; Rusland en die kommunisme.* Johannesburg: Voortrekkerpers.

Scholtz GD 1962b. *Die Republiek van Suid-Afrika en die nuwe wêreld.* Johannesburg: Voortrekkerpers.

Scholtz GD 1964. *’n Swart Suid-Afrika?* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Scholtz GD 1965. *Die bedreiging van die liberalisme.* Johannesburg: Voortrekkerpers.

Scholtz GD 1967-1984. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner.* Johannesburg: Voortrekkerpers en Perskor. 8 bande.

Scholtz GD 1968. *Die proses van gelykmaking.* Johannesburg: Voortrekkerpers.

Scholtz GD 1969. *Die Afrikaner en die see.* Johannesburg: Voortrekkerpers.

Scholtz GD 1977a. *Afrikaner, waarheen?* Johannesburg: Perskor.

Scholtz GD 1977b. “Liberalisme in die perswese”. In: Dreyer PS (red.). *Afrikaner-liberalisme.* Arcadia: Boekenhoutuitgewers.

Smith, K 1988. *The changing past.* Johannesburg: Southern.

Tempelhoff JWN 1996. “Beeld en teorie. Sosiale ruimte en die filosofies-teoretiese diskoerse van F.A. van Jaarsveld”, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 36(1):25-48.

Tempelhoff JWN 2003. "*Historia* in gesprek met Hermann Giliomee", *Historia* 48(1):7-12.

Van Jaarsveld FA 1965. *Die verlede spreek.* Johannesburg: Voortrekkerpers.

Van Jaarsveld FA 1971. *Afrikaner quo vadis?* Johannesburg: Voortrekkerpers.

Van Jaarsveld FA 1978. *Omsingelde Afrikanerdom; opstelle oor die toestand van ons tyd.* Pretoria: HAUM.

Van Jaarsveld FA 1979. *Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle.* Kaapstad: Tafelberg.

Van Jaarsveld FA 1982. *Moderne geskiedskrywing; opstelle oor 'n nuwe benadering tot geskiedenis.* Durban: Butterworth.

Van Jaarsveld FA 1985. "Die Afrikanerdom: 'n histories-vertraagde volk – weg en selfbegrip", *Historia* 30(2):6-32.

Van Jaarsveld FA 1990. "In 'n breukvlak tussen twee tydperke: 'n diagnose van ons situasie", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 15(3):45-54.

Van Jaarsveld FA 1993. "G.D. Scholtz se oordeel oor die toekoms van die Afrikaner teen die agtergrond van wêreldgebeure", *Historia* 38(2):1-14.

Visser W 2004. "The production of literature on the 'red peril ' and 'total onslaught' in twentieth-century South Africa", *Historia* 49(2): 105-128.